# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 | **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers | **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 19 Maart 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds Daan Bakker**

Ons lees in vanoggend se Skrifgedeelte van drie merkwaardige instrumente in die diens van God nl. Paulus, Barnabas en Markus. Die Here gebruik elkeen van hierdie drie diensknegte van Jesus op 'n eie besondere wyse in die diens van die gemeentes. Ook jy is 'n instrument in die diens van Christus. Jou Here wil ook jou gebruik in Sy gemeente op die plek en die dienswerk wat net jy vir Hom kan doen. Bedien jou gawes met blydskap in die diens van Christus.

**Tema: Die lesse uit God se "gereedskapkas".**

**Voorafsang**
Ps 100-2: 1, 2, 3

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 191: 1, 2, 3; Votum; Seën; Loflied: Ps 116-1: 1, 7, 9; Geloofsbelydenis; Sing: Ps 2-1: 6

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet; Sing as antwoord op die wet: Ps 40-1: 4; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing:Hand 12: 25; Hand 13: 5, 13, 14; Hand 15: 36-41; 2 Tim 4: 11
Teksverse: Hnd 15: 37, 38 en 2 Tim 4:11
Sing: Lief 487: 3, 4; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawe by die deure; Sing: Lied 528: 1, 2, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

**18:00 AANDDIENS: Ds. Daan Bakker**

Ontmoetings met God vind plaas daar waar ons op "'n Plek vir gebed" stil word. Die Heilige Gees gebruik ontmoetings met God om die deure van ons harte te open en dan ook die deure van ons lewens wyd oop te maak vir die evangelie van Jesus Christus.

**Tema: Ontmoeting met die lewende God word deur die Gees gebruik.**

**Voorafsang**
Ps 84-2: 1, 2, 5

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 118-2: 7, 8; Votum; Seën; Loflied: Ps 33-1: 1, 2, 11; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Handelinge 16:1-15
Teksverse: Handelinge 16:14c en 15
Sing: Ps 47-1:1, 4; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawes by die deure, Sing: Lied 478: 1, 2; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

## MEELEWING

- Oom Andries du Plessis sterk tuis aan na sy operasie in Pretoria.
- Tannie Marie Saaiman is nog steeds baie siek in Medikliniek se ISE.
- Douw Kruger is in Mooimed vir 'n operasie.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Erika Rood, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## DIE VOLGENDE NAME WORD TER APPROBASIE VOORGEHOU VIR DIENSWERK IN DIE AMPTE:

**Ouderlinge:** Wikus van Niekerk, Johan v Rooyen, Gerrit J v Rensburg en Martin Bester.
**Diakens:** Divan Greyling.

## BAIE GELUK



- Lienke Coetzee, dogter van Theo en Heleen, is in vanjaar se Noordwes-hokkiespan opgeneem.
- Ryno was die white jersey wenner op al vier dae tydens die Tour de Cap wat in die Paarl plaas gevind het. 'n Week daarna het hy die Cape Argus gaan ry en algeheel 18 de geeindig, met slegs 9 sekondes agter die wenner.



- Dana het ook saam gereis en met die Tour de Cap 2 de in sy ouderdom gekom en tydens die Argus eerste in sy ouderdom.
- Anchen gaan volgende week in Pietermatizburg aan die ASA youth and junior athletics Championships deelneem in die 800 meter.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
18:00 Aanddiens

**Dinsdag**
Menseregtedag
09:30 Belydenisklas keer terug vanaf kamp
16:00 Fin DG vergader by Die Skuur

**Woensdag**
10:00 Amandelbloeisels
18:00 Katkisasie Gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie

**Donderdag**
17:00 "Griefshare" afsluiting
18:30 Kerkraad: Begrotingsvergadering

**Vrydag**
Skole sluit

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die Teol. Studentekas (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Christelike onderwys.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 4 en 5.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 19 Maart**
Sr Riana de Klerk
Jbr Adriaan Kruger

**Maandag, 20 Maart**
Br Faan Oelofse

**Dinsdag, 21 Maart**
Sr Hanlie Bezuidenhout

**Woensdag, 22 Maart**
Sr Petro Liebenberg
Sr Esta v Niekerk
Sr Tineke v Rooyen

**Donderdag, 23 Maart**
Sr Ansie Jordaan
Jsr Tiné v Rooyen

**Vrydag, 24 Maart**
Sr Elsie Buijs
Br Marnus Laufs
Jbr Christo Storm

**Saterdag, 25 Maart**
Jbr Schalk du Plessis
Br Pieter Geyer
Sr Martje Smits *

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## AMANDELBLOEISELS BYEENKOMS

Spoedvang na uittrede
Die boonste deel van die lidmaatgrafiek van ons gemeente is opreg dankbaar vir hierdie tydperk in ons lewens wat die Here ons in gesondheid en lewenskrag dra. Ons streef na nuwe uitdagings en stel nuwe doelwitte om die tyd sinvol te bestuur.

Ons gaan Woensdag 22 Maart om 10:00 in die Skuur meer leer oor die wie, wat, waarvoor en hoekom van die Potchefstroom Dienssentrum as die voertuig en hulpmiddel vir sinvolle spoedregulering.

Almal word hartlik uitgenooi!

## GKSA-NUUS

Beroep ontvang
Ds AJ (Anton) Dednam van GK Bergsig na GK Rietvallei as medeleraar.

## KENNISGEWINGBORD

- Wanneer Jesus weer kom, waar sal ek wees? Boek geskryf deur Hans Malan. Beskikbaar by die Adminburo.
- Amelia hou basaar: Saterdag 25 Maart om 09:00



# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Marlise Styger en groep 8, Corné Geyer en groep 17, Rickie Storm en groep 26, asook en Hannie Niemand groep 34.


## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

# ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |

### BELANGRIKE NUUS!

Ter wille van die langnaweek en skoolvakansie, sal daar DV 16 April eers weer 'n kinderblad wees!

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**

### SAI-MOON SUSHI

Ons kon met die Sustersvergadering proe hoe spesiaal is Sai-Moon Kham se sushi. Op versoek van baie susters plaas ons graag sy vrou Charity se kontaknommer:
062 003 7255. Julle kan haar skakel om bestellings te plaas.

